

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Appèl Nr. : 9/2006

In die appèl van:-

JOSEPH MTAMBO

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

RAMPAI R *et* VAN ZYL R

AANGEHOOR OP:

23 OKTOBER 2006

UITSPRAAK DEUR:

VAN ZYL R

GELEWER OP:

16 NOVEMBER 2006

- [1] Appellant het as beskuldigde 1 van drie beskuldigdes in die Streekhof te Parys op 20 September 2002 skuldig gepleit aan roof met verswarende omstandighede en is hy as sulks skuldig bevind. Hy is op gemelde datum tot 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf gevonniss.

- [2] Appellant kom nou in hoër beroep teen die opgelegde vonnis op die basis dat dit skokkend swaar en onvanpas is. Dit is geykte reg dat 'n Hof van Appèl slegs met 'n opgelegde vonnis kan inmeng indien die vonnis skokkend swaar en onvanpas is en/of indien daar 'n onreëlmatigheid of mistasting ten tyde van die vonnisoplegging begaan is. Sien **S v DE JAGER AND ANOTHER** 1965 (2) SA 616 (A) op 628 H – 629 A:

“It would not appear to be sufficiently recognised that a Court of appeal does not have a general discretion to ameliorate the sentences of trial Courts. The matter is governed by principle. It is the trial Court which has the discretion, and a Court of appeal cannot interfere unless the discretion was not judicially exercised, that is to say unless the sentence is vitiated by irregularity or misdirection or is so severe that no reasonable court could have imposed it.”

- [3] Die feite uiteengesit in appellant se verklaring ooreenkomstig die bepalings van artikel 112(2) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, is baie karig en beperk. Dit blyk egter daaruit

dat appellant en sy twee mede-beskuldigdes op 20 Julie 2001 ene Mnr. en Mev. Jansen te 'n kafee te Parys van R3 000.00 beroof het deur hulle met 'n vuurwapen te dreig, welke vuurwapen deurentyd in besit was van en hanteer is deur beskuldigde 3. Die oortreding is op die ingewing van die oomblik gepleeg toe appellant en die ander twee beskuldigdes die geld opgemerk het toe die klaers besig was om die besigheid af te sluit vir die dag en was dit dus nie vooraf beplan nie. Die skuldigbevinding is op die basis van voormelde feite gemaak, welke skuldigbevinding, na my mening, heeltemal tereg gemaak is.

[4] Wat betref die opgelegde vonnis waarteen geappelleer word, het die Verhoorhof tereg daarop gewys dat die bepalings van artikel 51 van die Strafregwysingswet, Wet 105 van 1997, in die onderhawige geval van toepassing is en dat 'n voorgeskrewe minimum vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf opgelê moet word, tensy daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis noodsaak. Ten opsigte hiervan het die Verhoorhof as volg ten tyde van vonnisoplegging bevind:

“Die Hof het wat aanklag 1 betref noukeurig gaan kyk na alle feite en omstandighede wat moontlik relevant in die verband kan wees en tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie 'n enkele omstandigheid of omstandighede is wat hetsy in isolasie van

mekaar beoordeel, hetsy kumulatief beoordeel, voldoende gewig kan dra om aangemerkt te kan word as wesenlike en dwingende omstandighede nie.”

(Oorkonde, p. 24, reëls 13 – 18)

- [5] Ter aanvang in sy redes vir die opgelegde vonnis, het die Verhoorhof tereg na die elemente van strafoplegging verwys, synde die belange van die gemeenskap, die aard en erns van die misdryf en die persoonlike omstandighede van appellant. By verdere nalees van die redes vir die vonnis, blyk dit egter, soos deur Mnr. Reyneke namens appellant betoog, dat die Verhoorhof die aard en erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap oorbeklemtoon het en nie die persoonlike omstandighede van appellant en die strafversagende faktore behoorlik in oorweging geneem het nie. In laasgenoemde proses het die Verhoorhof ook sekere onreëlmatighede, waarna ek hieronder sal verwys, begaan.
- [6] Dit is geyk dat die Verhoorhof by die aanvaarding van ‘n pleit van skuldig deur die Staat, gebonde is aan die feite uiteengesit in sodanige artikel 112(2) verklaring, wat insluit

die versagtende faktore wat daarin vermeld mag word. Dit is pertinent in die artikel 112(2) verklaring vermeld dat die oortreding op die ingewing van die oomblik gepleeg is en nie vooraf beplan was nie. Hoewel die Verhoorhof hierna verwys as 'n versagtende faktor, blyk dit dat hy bloot lippediens gedoen het deur daarna te verwys, aangesien hy terselfdertyd die volgende meld:

“Dit is so en omdat die Staat dit so aanvaar het, is die Hof seker maar tot 'n mate daaraan gebonde dat darem gemeld is dat die misdryf op die ingewing van die oomblik gepleeg is. As die Hof kyk na die totaliteit van die feite en omstandighede waarop u skuldig bevind is, sal die Hof egter sy gewete verkrag as hy nie op rekord plaas dat daar 'n baie sterk vermoede by die Hof is dat hierdie nie 'n misdryf was wat op die ingewing van die oomblik gepleeg is nie. Hoe dit ook al sy, die Hof is gebonde aan die feite waarop die Staat die pleit van skuldig aanvaar het.”

(Oorkonde, p. 23, reël 22 – p. 24, reël 5)

[7] Addisioneel tot voormelde, het die Verhoorhof klaarblyklik ook net lippediens gedoen deur te vermeld dat hy dit as strafversagting in aanmerking neem dat appellant skuldig

gepleit het, aangesien hy dan in dieselfde asem meld dat:

“.... maar blyk dit dat hierdie ‘n saak is waar die getuienis ook maar van so ‘n verdoemende aard teen u was dat u na alle waarskynlikheid weinig van ‘n keuse gehad het om skuldig te pleit”

(Oorkonde, p. 23, reëls 6 – 8)

Laasgenoemde opmerking stel beslis ‘n onreëlmatigheid daar, want daar is geen sodanige getuienis voor die Hof waarop hy tot hierdie gevolgtrekking kon kom nie.

- [8] Dieselfde situasie herhaal homself waar die Verhoorhof beweer dat hy as strafversagtend in ag neem dat die klaers nie beseer is nie, maar dit onmiddellik weer negeer met die opmerking:

“Die Hof is aan die anderkant geneig om die Aanklaer gelyk te gee dat dit in alle waarskynlikheid maar gewyt kan word aan die feit dat u oormag eenvoudig te veel was vir die klaers en hulle ook maar weinig weerstand kon bied alhoewel dit blyk dat die klaer darem wat beskuldigde 3 betref, op ‘n stadium na hom geskiet het.”

(Oorkonde, p. 23, reëls 16 – 21)

Daar word daagliks rooftogte gepleeg waar daar ten spyte van oormag van die aanvallers, steeds klaers beseer en selfs gedood word. Die moontlike bestaan van oormag aan die kant van appellant en die ander beskuldigdes, kan dus nie die feit dat die klaer nie beseer is nie, neutraliseer as 'n versagtende faktor nie. Verder word hier ook weer melding gemaak van 'n skoot of skote wat op 'n stadium op beskuldigde 3 sou gevuur gewees het, ten opsigte waarvan daar geen getuienis voor die Hof bestaan nie. Deur klaarblyklik te poog om 'n ongegronde rede te soek waarom die klaers nie beseer was nie, stel in hierdie omstandighede na my mening ook 'n onreëlmatigheid daar.

- [9] Dat die misdryf waaraan appellant skuldig bevind is 'n baie ernstige misdryf daarstel en dat die belange van die gemeenskap vereis dat appellant gepas swaar gevonniss moet word, ook op 'n wyse wat voornemende ander oortreders sal afskrik van soortgelyke optrede in die

toekoms, behoef geen betoog nie. Hierteenoor moet die spesifieke omstandighede rondom hierdie bepaalde oortreding egter ook in ag geneem word. Dit het tot gevolg dat dit as strafversagtend ten gunste van appellant in ag geneem moet word dat die rooftog nie vooraf beplan was nie en ook dat die klaers nie beseer is nie. Wat die persoonlike omstandighede van appellant betref, moet dit in ag geneem word dat hy 28 jaar oud was ten tyde van vonnisoplegging, het hy skolasies gevorder tot standerd 6, is hy getroud en het hy twee afhanklike kinders, onderskeidelik 1 jaar en 3 jaar oud. Dit moet ook strafversagtend in ag neem word dat appellant 'n algeheel eerste oortreder is en dat hy skuldig gepleit het, waardeur hy nie net nie die Hof se tyd gemors het nie, maar ook geag moet word dat hy sodoende verantwoordelikheid aanvaar en geneem het vir sy oortreding. Die moontlikheid dat appellant nog die potensiaal het om rehabiliteer, kan dus na my mening ook nie uitgesluit word nie. 'n Verdere faktor wat ten gunste van appellant in aanmerking geneem moet word by die oorweging van 'n gepaste vonnis is die feit dat appellant

reeds een jaar en twee maande as verhoorafwagtende in
hegtenis was.

[10] By 'n behoorlike en ewewigtige opweging van bogemelde, is ek van oordeel dat die opgelegde vonnis inderdaad skokkend swaar en onvanpas is wat 'n onreg teenoor appellant daarstel. Die Verhoorhof het dus na my mening misgetas deur nie te bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat 'n afwyking van die voorgeskrewe minimum vonnis noodsaak nie. Dit, tesame met voormelde onreëlmatighede, noodsaak dus inmenging met die opgelegde vonnis. Mev. Ferreira, namens die Staat, het dan ook heeltemal tereg hierdie toegewing gemaak ten tyde van die beregting van die appèl.

[11] Gevolglik word die volgende bevele verleen:

1. Die skuldigbevinding word bekragtig.
2. Die appèl teen die opgelegde vonnis slaag, die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met een van 10 (tien) jaar gevangenisstraf, welke gevangenisstraf geag moet word opgelê te gewees het op 20 September 2002.

C. VAN ZYL, R

Ek stem saam.

M.H. RAMPAI, R

Namens die appellant: Mnr. J.D. Reyneke
In opdrag van:
Bloemfontein Regsentrum
St. Andrewstraat
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. A. Ferreira
In opdrag van:
Direkteur Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/sp